


## Die heiligdom van die nuwe verbond



---

### SABBATMIDDAG

#### **Skrifverwysings vir hierdie week se studie:**

Exodus 25:8; Jesaja 53:4–12; Hebreërs 10:4; Hebreërs 9:14; Hebreërs 8:1–6; I Timótheüs 2:5, 6.

#### **Geheueteks:**

“En daarom is Hy Middelaar van ‘n nuwe testament, sodat, terwyl daar ‘n dood plaasgevind het vir die verlossing van die oortredinge onder die eerste testament, die wat geroepe is, die belofte van die ewige erfenis kan ontvang.” (*Hebreërs 9:15*).

**D**it was ‘n maanlose nag, die lug was swart en het soos gestorte swart ink gelyk. Dit het Frank soos ‘n skaduwee bedek terwyl hy in die leë strate van die stad gestap het. Na ‘n rukkie het hy voetstappe agter hom gehoor; iemand het hom in die donker gevolg. Toe die persoon by hom kom, sê hy, “Is jy Frank, die persoon wat by die drukkerij werk?” “Ja, ek is. Maar hoe het jy dit geweet?” “Wel,” het die vreemdeling geantwoord, “Ek ken jou nie, maar ek ken jou broer baie goed, en selfs in die donkerte het jou houding, jou manier van loop en jou voorkoms my so baie aan hom laat dink dat ek aanvaar het dat julle broers was, want hy het my vertel dat hy ‘n broer het.” Hierdie verhaal openbaar ‘n kragtige waarheid aangaande die Israelitiese heiligdomdiens. Dit was, soos die Bybel dit noem, ‘n skaduwee, ‘n afbeeldsel, ‘n voorstelling van die ware een. Ewenwel, daar was genoeg in die skaduwees en voorstellings wat na die waarhede vooruitgewys en dit geopenbaar het wat hulle veronderstel was om te doen: die dood en hoëpriesterlike bediening van Christus in die hemelse heiligdom.

**Hierdie week met een oogopslag:** Hoekom wou God gehad het dat die Israeliete ‘n heiligdom moes bou? Wat leer die heiligdom ons oor Christus as ons Plaasvervanger? Wat doen Jesus in die hemel as ons Verteenwoordiger?

*\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 12 Junie*

## Verhoudings

“En Ek sal my tabernakel onder julle oprig, en my siel sal van julle geen afsku hê nie. En Ek sal in jul midde wandel en vir julle ‘n God wees, en julle sal vir My ‘n volk wees” (*Levitikus 26:11, 12*).

Een punt behoort nou duidelik te wees: hetsy die ou of die nuwe verbond, die Here wil ‘n intieme en liefdevolle verhouding met sy volk hê. Die feit is dat die verbonde basies help om die “reëls” vir daardie verhouding te bepaal. ‘n Verhouding in ‘n verbond, wat die tydperk of konteks ook al mag wees, is uiters belangrik. Maar vir ‘n verhouding om te werk moet daar wisselwerking, kommunikasie en aanraking wees, veral vir sondige, feilbare en ongelowige mense. Die Here het, omdat Hy dit geweet het, die inisiatief geneem om seker te maak dat Hy Homself aan ons so sou openbaar dat ons — wat deel is van die gevalle mensdom — met Hom betekenisvol kon verkeer.

**Lees Exodus 25:8 oor die Here se bevel aan Israel om ‘n heiligdom te bou. Watter redes gee die Here hoekom Hy wil hê hulle moet dit doen?**

---

Die antwoord op hierdie vraag laat natuurlik ‘n ander vraag ontstaan, en dit is Hoekom? Hoekom wil die Here tussen sy volk woon? Die waarheid kan dalk in vandag se twee verse hierbo gevind word. Let op dat die Here sy “tabernakel” onder hulle wil oprig en “in hul midde” wil woon; Hy sê ook dat sy siel van hulle geen “afsku” sal hê nie, en verder dat Hy in hul midde sal “wandel” en vir hulle ‘n God en hulle vir Hom ‘n volk sal wees (*Levitikus 26:11, 12*). Kyk na die beginsels wat in hierdie verse gevind word. Weer is dit die verhoudingsaspek wat baie duidelik deurkom.

**Gebruik ‘n paar minute om Levitikus 26:11, 12 en Exodus 25:8 te ontleed. Skryf neer hoe die verskeie elemente almal inpas by die gedagte dat die Here ‘n verhouding met sy volk wil hê?**

---

**Fokus spesifiek op die frase “my siel sal van julle geen afsku hê nie.” Wat van die heiligdom self voorsien die middele waardeur die gevalle, sondige mensdom deur die Here aanvaar kan word, en waarom is hierdie proses so belangrik om ‘n verbond tot stand te laat kom?**

## *Sonde, offerande en aanvaarding (Hebreërs 9:22)*

Die goddelike vasgestelde manier vir die Ou Testamentiese sondaar om vry van sonde en skuldgevoel te word, was deur die diere-offerstelsel voorgeskryf. Die Israelitiese offerstelsel word breedvoerig in Levitikus 1 tot 7 beskryf. Daar was versigtig aandag aan die hantering en opruiming van die verskillende tipes offerandes gegee. Die rol van bloed in die offerrituele is een van die kenmerke van die Israelitiese offerandes wat versoening bewerkstellig het. Die persoon wat gesondig het en dus die verbondsverhouding verbreek en die wet wat dit gereguleer het, oortree het, kon, deur 'n diere-offer as 'n plaasvervanger te offer, ten volle tot gemeenskap met God en die mensdom herstel geword het. Die offerandes met hulle rites was die aangewese middel wat deur God ingestel was om met sonde en skuld weg te doen. Dit was ingestel om die sondaar te reinig deur elkeen se sondes en skulde na die heiligdom oor te plaas deur die besprinkeling van bloed, en sodoende die berouvolle sondaar tot samesyn en volkome verbondsgemeenskap met die persoonlike God wat Here en Verlosser is, te herstel.

**Hoe help die konsepte hierbo ons om die vrae aan die einde van gister se studie te verstaan?**

---

**Het diere-offerandes enige profetiese betekenis gehad? (Jesaja 53:4–12, Hebreërs 10:4).**

---

Die Ou Testamentiese diere-offerandes was deur God ingestel om die sondaar van sonde en skuld vry te stel. Dit het die sondaar se status van skuldig en doemwaardig na skuldvry verander, en hom in die verbondsverhouding tussen God en mens hervestig. Maar daar was 'n gewaarwording dat die diere-offerandes profeties van aard was. Geen dier was op die ou end 'n voldoende plaasvervanger vir die mensdom se sondes en skuld nie. Die outeur van Hebreërs verklaar dit so in sy eie taal: “want die bloed van stiere en bokke kan onmoontlik die sonde wegneem” (*Hebreërs 10:4*). ‘n Diere-offerande was dus bedoel om vooruit te kyk na die koms van die God-mens Diensknege van God, wat 'n plaasvervangende dood vir die sondes van die wêreld sou sterf. Dit is deur hierdie proses dat die sondaar vergifnis en aanvaarding by die Here ontvang het, en die grondslag vir die verbondsverhouding tot stand gebring het.

**Plaas jouself in die plek van iemand wat gedurende die Ou Testamentiese tye geleef het toe hulle diere by die heiligdom geoffer het. Deur ook in ag te neem hoe belangrik lewende hawe vir hulle ekonomie, kultuur en lewenswyse was, watter les moes hierdie offerandes hulle geleer het oor die prys wat vir sonde betaal moes word?**

## Die plaasvervanging

“wat Homself gegee het vir ons sondes, sodat Hy ons kan uitred uit die teenwoordige bose wêreld, volgens die wil van onse God en Vader” (*Galásiërs 1:4*).

Daar is geen twyfel dat een van die hoofemas (indien nie dié hoofema nie) in die Nuwe Testament die kruisdood van Jesus Christus was wat as Offerande vir die sondes van die wêreld geoffer was nie. Enige teoloog wat die bloedversoeningsdaad van Christus verwerp, verwerp die diepste wese van die Christendom. ‘n Kruis sonder bloed kan niemand red nie.

**Dink na oor die teksvers vir vandag en beantwoord dan hierdie vrae: Het Jesus aangebied om te sterf? Vir wie het Hy gesterf? Wat sou sy dood tot stand gebring het?**

---

Plaasvervanging is die sleutel tot die hele plan van verlossing. Omdat ons sondig is, verdien ons om te sterf. Christus het, “Homself gegee . . . vir ons sondes” (*Galásiërs 1:4*). Hy het die dood gesterf wat ons verdien het om te sterf. Die dood van Christus as Plaasvervanger vir sondaars is die groot waarheid waaruit alle ander waarhede voortspruit. Ons hoop op herstel, op vry wees, op vergifnis, op die ewige lewe in die paradys, is op die werk wat Jesus gedoen het deur Homself vir ons sondes te gee, gevestig. Daarsonder sal ons geloof betekenisloos wees. Dan kan ons maar net sowel ons hoop op en vertrou in ‘n standbeeld van ‘n vis ook plaas. Verlossing kan net deur die storting van bloed plaasvind, die bloed van Christus.

**Slaan die volgende verse na: Matthéüs 26:28, Efésiërs 2:13, Hebreërs 9:14, I Petrus 1:19. Wat sê hierdie verse oor bloed? Watter rol speel bloed dan in die plan van verlossing?**

---

“Dit is nie God se wil dat jy wantrouig moet wees en jouself moet martel deur te vrees dat God jou, omdat jy sondig en onwaardig is, nie sal aanvaar nie. . . . Jy kan sê: ‘Ek weet ek is ‘n sondaar, en dit is die rede hoekom ek ‘n Verlosser nodig het. . . . Ek het geen verdienstelikheid of goedheid wat my sal help om op verlossing aanspraak te maak nie, maar Ek bied aan God die versoenende bloed van die vleklose Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem. Dit is my enigste pleidooi.’” — Ellen G. White, *The Faith I Live By*, bl. 100, (*vry vertaal*).

**Dink na oor die Ellen White-aanhaling hierbo. Skryf dit in jou eie woorde oor. Pas dit op jouself toe. Maak jou eie vrese en pyn deel daarvan en skryf dan neer hoe die beloftes wat genoem word, jou raak. Hoe word jou hoop deur die bloed van die nuwe verbond beïnvloed?**

## Die Hoëpriester van die nuwe verbond

Die aardse heiligdom waar God gekies het om onder sy volk te woon, se belangrikste funksie was om diere te offer. Dit het nie net by die doodmaak van die diere gebly nie. Die priester het, na die dood van die offerande, die bloed namens die sondaar in die heiligdom ingeneem om daar bemiddeling te doen. Alles van hierdie bemiddelingsdiens was egter net 'n skaduwee, 'n simbool van wat Christus vir die wêreld nog sou doen. Net soos die simbole (die heiligdomdiensstelsel) nie by die dood van die slagoffer geëindig het nie, het Christus se werk vir ons ook nie by sy kruisdood opgehou nie.

**Bestudeer Hebreërs 8:1-6 vandag. Bid en vra die Here om jou te help om te verstaan wat hier gesê word en hoekom dit belangrik vir ons is om dit te weet. Wanneer jy klaar is, skryf in jou eie woorde wat jy dink wat die Here se boodskap aan ons in hierdie verse is. Vra jouself ook hoe hierdie verse ons help om die nuwe verbond te verstaan?**

---

---

---

---

---

Net soos daar 'n aardse heiligdom, 'n priesterorde en priesterdiens in die ou verbond was, is daar in die hemelse heiligdom 'n hemelse priesterdom en 'n hemelse bediening in die nuwe verbond. Wat egter net simbole, afbeeldings en 'n skaduwee (*Hebreërs 8:5*) in die ou verbond was, is 'n werklikheid in die nuwe. Ook, liever as 'n amorele dier (wat nie rekening hou met die norme van goed en kwaad nie), het ons die sondelose Jesus; liever as dierebloed, het ons die bloed van Christus; liever as 'n mensgemaakte heiligdom, het ons die "ware tabernakel wat die HERE opgerig het en nie 'n mens nie" (*Hebreërs 8:2*); en liever as 'n sondige, feilbare priester, het ons Jesus ons Hoëpriester wat namens ons intree. Deur hierdie alles in gedagte te hou, dink na oor Paulus se woorde: "Hoe sal ons ontvlug as ons so 'n groot saligheid verongsaam. . .?" (*Hebreërs 2:3*).

**Dink daaroor: Jesus het namens ons 'n sondelose lewe gelewe en namens ons gesterf, en is nou in die hemel besig om in die heiligdom namens ons diens te doen. Dit was alles gedoen om jou van die verskriklike, finale gevolge van sonde te red. Beplan om gedurende die volgende paar dae met iemand oor hierdie wonderlike nuus te praat, iemand wie jy dink dit moet hoor. Kry jou woorde wat op vandag se studie gegrond is, voor die tyd reg.**

## Hemelse bediening (*Hebreërs 9:24*)

Bestudeer Hebreërs 9:24 in die konteks van Christus se bediening in die hemel namens ons na sy offerdood. Hoewel baie gesê kan word, wil ons op een spesifieke punt fokus, die laaste gedeelte van die vers wat sê dat Christus nou voor die aangesig van God vir ons verskyn. Dink na oor wat dit beteken. Ons wat sondig is en deel van die gevalle mensdom is; ons wat deur die glans van God se heerlikheid verteer sal word indien ons nou voor Hom verskyn; ons, maak nie saak hoe sleg ons was of hoe skreiend ons God se heilige wet oortree het nie, ons het Iemand wat in die teenwoordigheid van God vir ons intree. Ons het 'n Verteenwoordiger wat namens ons voor die Vader staan. Dink aan hoe liefdevol, vergewensgesind en tegemoetkomend Christus was toe Hy hier op aarde was. Hierdie selfde Persoon is nou ons Middelaar in die hemel?

Dit is die ander deel van die goeie nuus. Jesus het nie net die prys vir ons sondes betaal deur self ons sondes op die kruishout te dra nie (*1 Petrus 2:24*), maar staan nou in die teenwoordigheid van God as 'n Middelaar tussen hemel en aarde, tussen die mensdom en die Heilige. Dit beteken baie. Jesus, beide God en Mens ('n sondelose volmaakte Man) is die enigste Een wat tussen die mensdom en God die gaping wat deur sonde veroorsaak was, kan oorbrug. Die uiters belangrike punt om hier te onthou (hoewel daar baie ander ook is), is dat daar nou 'n Man, 'n Menslike Wese is wat met al ons beproewings, pyn en versoekings medelye kan hê (*Hebreërs 4:14, 15*), en wat ons voor die Vader verteenwoordig.

**“Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus, wat Homself gegee het as ‘n losprys vir almal, as die getuienis op die regte tyd.” (*1 Timóthëus 2:5, 6*). Watter twee rolle word aan Jesus in hierdie teksvers gegee, en hoe was hierdie rolle vooraf in die aardse heiligdomdiens voorgestel?**

---

Die groot nuus van die nuwe verbond is dat deur Jesus, berouvolle sondaars nou Iemand het wat hulle in die hemel by die Vader verteenwoordig, Iemand wat vir hulle verdien het dit wat hulle nooit self kon verdien het nie, naamlik volmaakte regverdigheid, die enigste regverdigheid wat in die teenwoordigheid van God staande kan bly. Jesus, die volmaakte regverdige wat dit in sy lewe deur lyde bewerk het (*Heb. 2:10*), staan voor God om vergifnis vir ons sonde en die mag oor sonde toe te eien, want sonder dit het ons geen hoop nie, nie nou nie en definitief ook nie in die oordeel nie.

**Bid en oorpens die gedagte dat ‘n menslike wese, Iemand wat die versoeking van die sonde ondervind het, voor God in die hemel staan. Wat beteken dit vir jou persoonlik? Watter tipe hoop en bemoediging bied dit aan jou?**

## Vir verdere studie:

“Die hoogste engel in die hemel het nie die mag gehad om die prys vir een verlore siel te betaal nie. Gerubs en Serafs besit net die heerlikheid wat deur die Skepper aan hulle toegesê word as sy hemelse wesens. Die versoening tussen die mens en God kon net deur ‘n middelaar wat gelyk aan God was, volbring geword het; Hy wat verhewe eienskappe besit wat Hom waardig maak om vir die mens by ‘n oneindige God in te tree, en om ook God in ‘n gevalle wêreld te kan verteenwoordig. Die mens se plaasvervanger en borg moet die mens se natuur hê, een wees met die menslike familie wat hy moet verteenwoordig, en, as God se ambassadeur, die Goddelike natuur deelagtig wees, in verbinding met die Oneindige wees om God aan die wêreld te kan openbaar, en ‘n middelaar tussen God en die mens wees.” — Ellen G. White, *Selected Messages*, boek 1, bl. 257, (vry vertaal). “Jesus gaan voort: Soos julle My voor die mense bely, so sal Ek julle voor God en die heilige engele bely. Julle sal My getuies op die aarde wees, kanale waardeur My genade kan vloei vir die genesing van die wêreld. So sal Ek julle verteenwoordiger in die hemel wees. Die Vader kyk nie na julle gebrekkige karakter nie, maar Hy sien julle asof met My volmaaktheid beklee. Ek is die middel deur wie die Hemel se seëninge na julle sal vloei. En elkeen wat My bely deur My opoffering vir die verlores te deel, sal bely word as ‘n deelgenoot in die heerlikheid en vreugde van die verlostes.” — Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, bl. 357.

## Vrae vir bespreking:

1. Lees Romeine 5:2, Efésiërs 2:18, en Efésiërs 3:12. Wat sê hierdie verse wat ons help om ons toegang tot die Vader deur Jesus te verstaan?
2. Lees die tweede Ellen G. White aanhaling hierbo weer. Let op hoe sy die rol van middelaar verduidelik. Wanneer die Vader na ons kyk, sien Hy nie ons gebrekkige karakter nie, maar, in plaas daarvan, Christus se volmaaktheid. Dink na oor wat dit beteken, en bespreek dit met jou klaslede.
3. Dink weer oor wat ons hierdie week bestudeer het en vra jouself hoe jy hierdie vraag sou beantwoord: “Regso, Christus is in die heiligdom in die hemel. Hoekom? Wat beteken dit in die daaglikse praktyk?”

**Opsomming:** Die ou verbond se offerande-stelsel was deur die nuwe vervang: in plaas daarvan dat diere deur sondige priesters in ‘n aardse heiligdom geoffer moet word, het ons nou vir Jesus, ons volmaakte Offerande. Hy verteenwoordig ons voor die Vader in die heiligdom in die hemel, wat die grondslag van die nuwe verbond en die gepaardgaande beloftes, vorm.